11 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14**

Die gawes van die Gees (3)

"Spreek in tale" (2 OAV) is, saam met "Geestesdoop" die vlag waaronder die charismatiese beweging vaar. Dit word beskou as dié uitwendige teken van jou doop met die Heilige Gees. Dit is 'n tweede seën ("second blessing") wat jou tot 'n hoër geestelike vlak as "gewone" (vleeslike) Christene verhef. En die bewysplek, sê hulle, is die einste 1 Kor 14 (vgl verse 26-28). Boonop het Paulus self ook in tale gespreek (vers 18)!

Is dit moontlik dat mens die strekking van 'n Bybelhoofstuk so kan mistas? Die hele verband (hf 12-14) beklemtoon dan juis dat genadegawes (charismata) daar is om mekaar op te bou (hf 12) en deur liefde beheers moet word (hf 13). So ook hier; as jy die twee naas mekaar plaas, is dit tog duidelik dat profesie (om God se Woord te verklaar en toe te pas) die gemeente (liggaam) in geloof opbou, en nié klankepraat nie (verse 2-17). Soos dwarsdeur die hele brief, staan die lawaaierige, spoggerige, selfsugtige en selftevrede kinderagtigheid van die Korinte-Christene weer soos 'n seer vinger uit (vers 20)…

Die derde Bybeltoets vir moderne "charismatiese" Christene is die volgende: As jy só te koop loop met jou klankepratery, het jy klaarblyklik nie die onopgesmukte aard van Jesus se evangelie gesnap nie!

En die "tradisionele" Christen is terloops net so charismaties as enige ander Christen (vgl 12:7). Wat doen jy met jou genadegawes? Lees Romeine 12:38 en Efesiërs 4:4-12!

Sing: Skrifberyming 21:6 Ds J Botha (Laeveld)